# Die Vorming van die „Verenigde Band" te Derdepoort (Pretoria) in 1849

Deur

DR. F. A. F. WICHMANN

HOEWEL daar reeds in April 1844, 'n selfstandige Trekker-republiek met sy eie grondwet (omskrywe as die Drie-en-Dertig Artikels) op die Hoëveld tot stand gekom het,[1] het daar egter nog meer as vyf jaar verloop voordat die inwoners van die „Transvaal" één gesagsbestuur vir die gebied ten noorde van die Vaalrivier aanvaar het.

Die bogenoemde selfstandigheids-beskouing het ingehou dat die „bestier aan de maatschappelyke burgers strek tot aan de wal van Grootrivier",[2] aanduidend dat die Trekkerstaat 'n groter gebied as wat later bekend geword het onder die naam „Transvaal", ingesluit het.

Met die verhuising van Andries Hendrik Potgieter en sy volgelinge in Junie 1845, vanuit Potchefstroom en omgewing, na Ohrigstad, en as gevolg van die politieke uiteenlopendheid onder die inwoners van daardie geweste, het die staatsbegrip soos by die konstituering van 1844 daargestel, allengs verwelk.

In die wyl het die kwynende Republiek Natal, wat as afsonderlike staatseenheid ten opsigte van die Hoëveldse Trekker-republiek beskou is, sowel as die grondgebied tussen die Oranje- en Vaalrivier (Oranjerivier-gebied) heeltemal in Engelse hande oorgegaan,[3] en het dit vir die bewoners van die gebied ten noorde van die Vaalrivier voorgekom asof ook hulle selfstandigheid bedreig is. Andries Pretorius se poging om die konsepsie van die Trekker-republiek, soos in 1844 gevisualiseer te behou en sy optrede in verband daarmee, het hom Andries Hendrik Potgieter se politieke teenstand op die hals gehaal en die bestendiging van 'n gesagsbestuur vir die Trekkers verder vertroebel.


In die drang egter van hierdie knellende omstandighede en ten spyte van A. H. Potgieter en Andries Pretorius se meningsverskille oor wat gedoen moes word om die Trekker-staat te behou, is daar by Hekpoort langs die Magaliesberg op 9 Februarie 1849, 'n byeenkoms gehou waar beide genoemde leiers teenwoordig was en daar eerstens besluit is, om tot „die dood" toe te veg, vir die vryheid van die land en tweedens dat 'n behoorlike „regering" vir die gebied ten noorde van die Vaalrivier daargestel moes word.[4]

(1) Vgl. Natalse Volksraadsnotule van 3 Junie 1844 asook bevestigende dokument R120/47. (Voortrekkerargiefstukke.)

(2) (a) Vgl. F. A. F. Wichmann: Die Wordingsgeskiedenis van Z.A. Rep., p. 38.
(b) Grootrivier is sinoniem met Oranjerivier.

(3) 3 Feb. 1848. Proklamasie van Sir Harry Smith R 136/48. (Voortrekkerargiefstukke.)

(4) Idem 2(a), p. 84. Ook VR/49. Hierdie rapportage is van die enigsins emosionele H. T. Bührmann.




*ts . ind terskaart van die west gedeelte Derdepoc ns 126]*
*goedgel ug. 881. Die waterlope oord op die ka met dikk oor*
*die paaie. Latere erdelings h we; laa*

Voorts is by die vergadering op Hekpoort besluit om in die komende maand weer 'n byeenkoms te hou waar almal wat ten noorde van die Vaalrivier gewoon het en die Britse gesag nie wou erken nie, byeen moes kom.

Op die byeenkoms aan die Olifantsrivier,[5] op 22 Maart 1849 is besluit om die „Volksraad" as hoogste gesag te erken en verder dat die „nuwe Volksraad" op 22 Mei 1849 op die plaas van Roelof Jansen te Derdepoort (naby die teenswoordige Pretoria) sou vergader en dat alle geskilpunte daar besleg sou word.

Hoewel die Volksraad van Ohrigstad, wat reeds afsonderlik gefunksioneer het, homself nie ten gunste van so 'n byeenkoms verklaar het nie, deels omdat hulle van mening was dat so 'n optrede, Britse inmenging sou veroorsaak,[6] deels uit 'n anti-Potgieter- en anti-Pretoriusgevoel en ook uit 'n prestigehouding, het tog ses lede van die Ohrigstadse Volksraad die vergadering bygewoon.

Daarmee is die verenigingsbegrip 'n stap nader gebring. Die vergadering te Derdepoort het dan ook wel op die 22ste en 23ste Mei 1849 plaasgevind en het die aanwesiges besluit „sig gesaamentlik te vereeniging tot eene licghaam van een Volksraad".[7]

Weer is besluit dat die Drie-en-Dertig Artikels soos ook aanvaar in April 1844 die grondslag van die Transvaalse wetgewing sou wees. Verdere staatshuishoudelike sake is ook gereël en is daar besluit dat die Volksraad drie sittingsplase sou hê, waarvan een te Ohrigstad.

Waar die April-vergadering van 1844 die konstituering van 'n Hoëveldse Trekkergemeenskap was, met belange strekkende tot aan die Oranjerivier, was die byeenkoms te Derdepoort dié gebeurtenis waarby die Emigrante hulle staatsbegrip en staatsomvang na meer as tien jaar se trekbewegings en wedervaringe, opnuut vasgelê en daargestel het.

Die drie byeenkomste waarvan die eerste iewers op die „Hoëveld" in 1844 plaasgevind het, die vergadering te Hekpoort op 9 Februarie 1849 en die een aan die Olifantsrivier op 22 Maart 1849, is eindelik gekonsumeer in die vergadering te Derdepoort op 22 Mei 1849 en is die laasgenoemde vergadering van groot historiese betekenis.

Gelukkig is die vergaderplek by Derdepoort — 'n paar myl ten ooste van Pretoria geleë — vir ons duidelik omskrywe as synde die plaas van Roelof Jansen[8] en kan daar met 'n groot mate van sekerheid vasgestel word op watter plek die historiese byeenkoms plaasgevind het.

Die Register van Aktes by die Kantoor van die Landmeter-generaal dui dan ook aan dat op 28 Desember 1858 die „Goeverment" die plaas Derdepoort 469 oorgedra het aan R. J. Jansen en dat die plaas toe weer oorgemaak is aan A. P. J. van der Walt en J. A. van der Walt.[9] In 1860 is die plaas weer oorgedra

(5) Notule van vergadering. Soutter-Versameling Pktl, No. 9.
(6) Notule R179/49 en R180/49. (Voortrekkerargiefstukke).
(7) Notule: R179/49 en R180/49. (Voortrekkerargiefstukke.)
(8) Notule vergadering by Olifantsrivier, vgl. voetnoot (4) en (7).
(9) Die persoon van wie M. W. Pretorius die grond langs die Apiesrivier gekoop het en waarop Pretoria later aangelê is, was J. J. P. Prinsloo en A. van der Walt. VR 310/53. Vgl. ook Wichmann, p. 147.
(b) Dolf Jansen was in 1857 dorpsmid van Pretoria. Vgl. Preller: Ou Pretoria, bl. 62, ook R. Peacock: Die Gesk. v. Pretoria (onuitgegewe proefskrif, p. 34).

aan ene J. B. Prinsloo. In 1864 is die westelike gedeelte van Derdepoort oorgedra aan Johannes Barend Wolmarans en na nog verdere oordragte in 1905 aan Johan Barend Wolmarans. Laasgenoemde Wolmarans was verwant aan voorgenoemde Johannes Barend Wolmarans. Tans behoort die gedeelte van Derdepoort waarop Roelof Jansen se opstal gestaan het en word ook bewoon deur mnr. J. E. du Preez, wie getroud is met 'n dogter Vilma van genoemde Johan Barend Wolmarans.

Bygaande skets van die plaas Derdepoort is afgetrek van die eerste beskikbare kaart van die plaas Derdepoort No. 469 „Wyk Aapjesrivier, Zuid-Afrikaansche Republiek", soos dit opgestel is vir voorgenoemde J. B. Wolmarans en is bewaar in die Kantoor van die Landmeter-generaal.(10)

Volgens hierdie kaart loop daar twee paaie na die opstal. Die pad wat van die suide kom, loop tussen die Hartebeesspruit en die tans genoemde Morelettaspruit na die opstal. Die ander pad kom vanuit die noorde, loop deur 'n drif in die Morelettaspruit en sluit by die suidelike pad aan.

Hoewel die paaie tans nie meer gebruik word nie is hulle nog duidelik herkenbaar. Ook is daar geen ander pad tussen die twee spruite nie en kan dus aangeneem word dat hierdie paaie dieselfde is as wat op die „eerste" kaart aangedui word. Omdat hierdie paaie na die teenswoordige opstal loop kan verder aangeneem word dat die huidige opstal op die plek staan waar die opstalle van die „eerste" kaart aangedui word.

Die ou opstal word op die kaart aangedui deur drie vierkante wat naby mekaar geteken is, met 'n groter vierkant noord-liggend. Laasgenoemde dui waarskynlik 'n land aan.

'n Vierkant links van die sameloop van die paaie was waarskynlik 'n kraal maar die kan nie opgespoor word nie. Moontlik is die tekening daarvan foutief want aan die anderkant van die pad is daar wel 'n ou kraal.

Volgens die gegewens van die eienaar, mnr. P. E. du Preez, staan die teenswoordige woning op fondasies van 'n ouere opstal.

Geen aanduidings van ander vroeëre opstalle behalwe soos die op die „eerste" kaart aangedui, is bekend nie. Die distansies van die spruit en van die sameloop van die spruite na die opstal is ook dieselfde as die afmetings op die „eerste" kaart. Dit bevestig nogeens dat die teenswoordige opstal op dieselfde plek staan as die opstal(le) soos aangedui op die kaart.

Aangesien daar egter geen kaart bestaan wat die opstal van Roelof Jansen aandui nie bly daar dus nog 'n element van onsekerheid. Ou paaie en hartbeeshuise verdof maklik. Nogtans volgens die verklaring van mev. Vilma du Preez, het daar omtrent vyftig tree voor die teenswoordige woning 'n ou gebou gestaan wat vroeër ook as skoolgebou gebruik is. Trouens het mnr. L. L. Steen, voorheen hoof van die Wes-Eindskool, tans nog op 96-jarige leeftyd in Pretoria woonagtig, kort voor die Tweede Anglo-Boere-oorlog, daar op Derdepoort skoolgehou. Die plaas het toentertyd behoort aan A. D. W. Wolmarans — Lid Uitvoerende Raad van die Z.A. Republiek — en van sy

(10) Westelike gedeelte/Plaas Derdepoort 326-JR (voorheen 469). Dat. Aug. 1881.



*Van links na regs staan dr. F. J. du T. Spies, mnr. J. E. du Preez en mev. Vilma du Preez op die plek waar vermoedelik die Derdepoortvergadering gehou is.*

kinders het ook by mnr. Steen skoolgegaan. Volgens oorlewering van mev. Vilma du Preez se vader, Johan Barend Wolmarans, is in daardie gebou in die „ou tyd", „die vergadering" gehou.

Aanneemlik is dit dat die Volksraadsvergadering van Mei 1849 wel seker by of naby die teenswoordige opstal van mnr. en mev. Du Preez plaasgevind het.

Die stigting van die „Verenigde Band" juis te Derdepoort hou ook die gedagte in dat hierdie plaas vir afgevaardigdes besonder sentraal geleë was,(11) en dat die plek gekies is, vir dieselfde redes as wat M. W. Pretorius later aangevoer het vir die aanlê van 'n dorp (Pretoria) op 'n naburige plaas, „in het midden der bewoond land" waar hy gehoop het Volksraadsittinge gehou kon word „sodat van alle kanten" die belanghebbendes die sitting kon bywoon en dit „ook een vaste instelling" kon word.(12)

Derdepoort het ook gelê aan die paaie wat uit die suide en noorde daar gekruis het. Die plaas was trouens 'n natuurlike poort in die Magaliesberg. Dit was maklik bekombaar uit alle dele van die Transvaal. Waar Pretoria dan later aangelê is, in 'n minder bekombare ligging en met Derdepoort se ruime watertoevoer, kon die plaas net so maklik die „hoofplaas" van die Zuid-Afrikaansche Republiek geword het.

In elk geval sou 'n aanduiding in die vorm van een of ander gedenkteken in die omgewing waar die staatsgesag van die Transvaalse Republiek ontkiem het, die sierlike tuin van die woning van die teenswoordige eienaars nog meer versier.

(11) Volgens De Zuid Afrikaans van 17 Okt. 1853, word daar nog geskrywe van die aanlê van 'n nuwe stad „gelegen aan Derdepoort in het midden der Republiek". Vgl. Peacock, bl. 18.

(12) Sien voetnoot (9). Ook Wichmann: Wordingesgeskiedenis, p. 147. Vgl. ook Peacock, bl. 13, referende na die aanlê van „'n hoofstad in die omgewing van Derdepoort".